

13

JESUS LOOP OP DIE WATER

Jesus sal my nie los nie

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders en ouers moet weet dat hulle altyd op God kan vertrou.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders en ouers moet verstaan dat God hulle nooit in die steek sal laat nie.

Gesindheid

Die kinders en ouers moet dankbaar wees en vertrou dat God altyd by hulle is en hulle nooit in die steek sal laat nie.

Vaardigheid

- Die kinders moet in staat wees om die hoofmomente van die verhaal te noem.
- Die ouers en kinders moet saam kan bid en die Here dank vir sy beskerming.

MEER INLIGTING (Matteus 14: 22-33)

Lees vir eie kennisname Matteus 14: 22-33 om die inhoud van die gebeure te ken.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Drie poppe vir 'n poppekas: Gorrie-gogga, Petrus en nog 'n dissipel. Indien daar nie 'n poppekas is nie, kan die storie met handpoppe gedoen word. Dan is slegs twee nodig – Petrus en 'n dissipel.

- 'n Leë polistireenhouer, 'n sosatiestokkie en 'n A4-bladsy vir elke kind.
- 'n Skêr.
- Inkleurpotlode of iets anders waarmee die seiltjie versier kan word.

KOM ONS BEGIN

Vra een van die ouers om met gebed te open, of doen dit self.

HET HULLE ONTHOU?

Kontroleer of hulle –

- die feite in hul boeke gaan leer het.
- die prente in hul boeke ingekleur het.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Lei die les soos volg in:

Het julle al gesien hoe dit lyk as daar 'n storm op die see is? Kom ons vra of een van die pappas of mammas vir ons kan vertel hoe dit lyk. Sjoë, ek dink 'n mens sal vreeslik bang wees as jy op 'n klein bootjie op die see is, en daar kom so 'n storm. Vandag gaan ons hoor hoe dit met Jesus se dissipels gebeur het. Hulle was in 'n klein bootjie op die see, toe kom daar so 'n vreeslike storm op. Kyk na die prentjie in jul boekies, kyk hoe klein was hul bootjie en hoe groot die golwe. Kom ons luister wat met die dissipels daar op die see gebeur het.

Gorrie is 'n klein goggatjie wat saam met die dissipels op die bootjie was, en hy gaan ons vertel wat gebeur het. (Indien daar nie 'n poppekas is nie, kan die kategeet as verteller Gorrie se stem wees, en net twee handpoppe gebruik as Petrus en die dissipel. Van die ouers kan gebruik word om daarmee te help indien nodig.)

IETS INTERESSANT

Gorrie (*bibber*): Oe! Ek is bang, en ek kry so koud... Ekskuus dat ek nie eers groet nie, maar ek is eintlik te bang om my oë oop te maak. Ons is hier op 'n klein vissersbootjie, terwyl die see vreeslik rof is. En dit is al donker! Sies, maar nou is ek nog nat ook.

Hallo maatjies! Julle wonder seker wat ek hier maak? Ek het saam met Jesus se dissipels hier op die bootjie kom klim. Maar ai, ek is so bang vir hierdie see! Sê nou ons verdrink? Wag, kom ons hoor wat sê Petrus en die ander dissipel.

Dissipel: Ai, ek wens Jesus was nou by ons. Ek is seker Hy sou die storm gekeer het, dan was ek nie nou so bang nie. Sê nou ons verdrink vannag? Hoekom het Hy nie saam met ons gekom nie?

Petrus: Jesus het eers daar by die berg gaan bid. Maar moenie so bang wees nie. Hou net aan roei, dan is ons gou-gou oorkant.

Dissipel: Wag 'n bietjie – watse wit ding sien ek daar oor die water aankom? Dit lyk soos iets wat op die water sweef! Kyk... O griet, help! Dit is 'n spook! Dit is 'n spook wat hier na ons toe kom! Help!

Gorrie: Gorrelpep, hy is reg. Dit lyk net soos 'n spook wat hier aankom. Ag help my, waar kan ek wegkruip? Ek sê mos ons gaan vanaand almal dood!

Wag so 'n bietjie... Dit is nie 'n spook nie, dit is Jesus! Hoor net daar... Hoor wat sê Hy vir die dissipels. Hy sê: *Moenie bang wees nie, dit is net Ek, Jesus!* Oe, maar nou is ek bly, maatjies! Wag, Petrus gaan nou met Hom praat.

Petrus: Here, is dit regtig U? Is dit U wat op die water loop? As dit U is, sê vir my ek moet na U toe kom, dat ek ook soos U op die water kan loop. Kan ek kom, Here?

Jesus se stem (*van agter die poppekas*): Kom, Petrus, loop na My toe.

Dissipel: Petrus, wat maak jy nou? Wag, jy kan nie in hierdie rowwe see klim nie. Here, keer hom, hy sal verdrink!

Petrus: Los my uit. Het jy nie gehoor nie? Jesus het gesê ek moet na Hom toe loop. Hy sal my mos nie laat verdrink nie. (*Petrus klim af en verdwyn agter die kas.*)

Gorrie: Haai maats, Petrus het sowaar uit die boot uitgeklim. Is julle nie bang hy gaan verdrink nie? Ek is! Kom ons kyk... Sjoë, ek kan dit nie glo nie, hy loop op die water! Hy loop na Jesus toe! Sjoë, maar dis groot golwe wat rondom hom slaan. Gorrelpep, nou begin hy bang word. Kyk hoe kyk hy na die golwe...

Dissipel: Ag toggie, Petrus moes nie bang geword het nie. Hy is nog nie by Jesus nie en nou begin hy sink! Hoor net hoe roep hy!

Petrus (*roep van agter die kas*): Help, Here, help! Help my, ek gaan verdrink!

Gorrie: Oe toggie, lyk my hy gaan regtig verdink! Ek wil nie eens kyk nie! Ai, dankie tog, daar gryp Jesus hom. Jesus trek hom uit die water uit en bring hom na die boot toe. Hoor net daar agter hoe raas Jesus met hom.

Jesus se stem (*van agter die poppekas*): Petrus, hoekom het jy so bang geword? Hoekom het jy begin dink jy gaan sink? Het jy nie geglo Ek kan jou op die water laat loop nie? Sien jy wat gebeur as jy ophou glo? Dan begin jy sink!

Gorrie: Ai maatjies, ek is so bly! Jesus en Petrus het altwee in die bootjie geklim. Hulle is nou veilig. Haai, sjuut, luister net bietjie – dit is nou doodstil. Die wind het opgehou waai en die see is nou kalm. Net toe Jesus in die bootjie klim, het die wind gaan lê.

Dit het gebeur net toe Jesus in die boot ingeklim het. Dankie, maatjies, nou kan ek maar weer lekker slaap in my hoekie tot ons by die land kom. Dankie tog dat Jesus na ons toe gekom het!

IETS BELANGRIK

Skerp die feite weer by die kinders in met die volgende:

Ek hoop julle almal het mooi geluister! Kom ons kyk gou:

- Wie was dit wat uit die bootjie wou klim en op die water wou loop? (*Petrus.*)
- Kan julle onthou wat Jesus vir Petrus gesê het? (*Hy het gesê Petrus moet nooit ophou om in Jesus te glo nie!*)
- Nou weet ons, Jesus sal ons nooit los as iets met ons gebeur het nie. Ons moet net bly glo en bid, dan weet ons Hy sal ons nie los nie.
- Ons leer hier iets wat vir ons hele gesin belangrik is. Ons moet 'n gesin wees wat altyd in Jesus glo, en as iets gebeur, altyd na Hom bly roep. Ons moet weet dat Hy ons nooit sal los nie, selfs al gaan dit nie goed met ons nie.

IETS OM TE DOEN

Die kinders maak bootjies. Gee vir elkeen 'n polistireenhouer. Vou die A4-bladsy in 'n driehoek, en sny die driehoek uit. Laat die ouers die kinders daarmee help. Steek dan 'n sosatiestokkie deur 'n driehoek papier aan die een kant, sodat dit 'n seiltjie vorm. Dan versier hulle hul seiltjie en steek dit met die stokkie in die polistireenhouer sodat dit regop staan. Indien daar tyd en plek is, kan hulle die bootjies laat dryf – dalk in 'n skottel water. Laat die ouers hulle wys wat gebeur met die bootjie as die water rof raak.

BY DIE HUIS

Doen

- Die ouers en kinders gaan gesels saam oor geleenthede waar hulle bly roep het na Jesus, bly bid het, terwyl dit gevoel het of hulle besig was om te sink.
- Vra die kinders vooraf om elkeen volgende Sondag 'n kartonboks, soos 'n skoenboks, saam te bring klas toe.

Leer

- Laat hulle die volgende gaan leer:
 - Petrus het uit die bootjie geklim en op die water na Jesus toe geloop.
 - Toe Petrus begin sink, het Jesus vir hom gesê om nooit op te hou om in Hom te glo nie.
 - Jesus sal ons nooit los as iets met ons gebeur het nie.
 - Ons moet bly glo en bid, dan weet ons Hy sal ons nie los nie.
- Laat hulle die volgende deel van Matteus 14: 31 uit hul koppe gaan leer:

Jesus het Petrus gegryp en vir hom gesê: “Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?”

AFSLUITING

Sluit af deur Gesang 553 twee keer saam te sing of net die woorde voor te lees:

*Ek is bly ek ken vir Jesus; ek is bly ek is sy kind.
En ek bly my hele lewe aan die Here vasgebind.
Ek is bly ek het 'n Bybel dat ek elke dag kan lees –
kinders van die Here het niks om voor bang te wees.*